Publication: Burger, Die (Wes-Kaap) (Main)
Publication Date: 03 Jan 2019
Page: 8

AVE: 113903.14
Circulation: 47400
Part: 1 of 1





## 'WAT GAAN AAN IN DIE BO-KAAP?'

# Hier lê Afrikaans se wortels

**Die bewaring van (Kaapse) Afrikaans impliseer ook die bewaring van die omgewing waar die taal ontstaan het. Die Bo-Kaap en Afrikaans is een, skryf Michael le Cordeur.**

Die digteres Sulfa Otto-Allies vra dié vraag in haar gedig: "Wat gaan aan in die Bo-Kaap?"

Dit gaan volgens my in wese om die behoud van die Kaapse Moslems se godsdiens, hul taal en kultuur.

Kortom: As Achmat Davids vandag nog geleef het, sou hy waarskynlik voor geloop het in die stryd om die bewaring van die Bo-Kaapse erfenis.



Die Dorpstraat Madrassa in die Bo-Kaap. Dit was die eerste Moslemskool in Suid-Afrika en leerlinge is daar in Afrikaans in Arabiese skrif onderrig.

### Agtergrond

Drie oorwegings het my gemotiveer om dié artikel te skryf: Ek kon nie langer stilbly en die inwoners van die Bo-Kaap aan hul eie lot oorlaat in hul geveg teen die "ontwikkeling" nie.

Dan was daar die bekendstelling van die Afrikaanse weergawe van Achmat Davids se boek *Die Afrikaans van die Kaapse Moslems* op Versoeningsdag.

En laastens wou ek nadink oor 'n besoek wat ek en my studente onlangs aan die Bo-Kaap gebring het.

'n Finalejaarstudent in Afrikaans moet ingelig wees oor die volledige geskiedenis van Afrikaans. Daarom stel ek hulle bekend aan die Bo-Kaap met sy historiese verbintenis tussen die Kaapse Moslems en Afrikaans.

Die Taalmonument kon net so wel hier in Dorpstraat aan die voet van Seinheuwel (ook bekend as Vlaeberg) gestaan het. Hier waar so baie van Afrikaans se geskiedenis opgesluit is in die talle historiese geboue.

### Distrik Ses

Ek en my studente hou eerste by Distrik Ses stil. Net voordat ons die CPUT-kampus kry, draai ons af van die N2 en ry die verlate woonbuurt binne waar net die kerkgeboue en die moskee oorgebly het.

Weens die Groepsgebiedewet van die apartheidsjare moes alle huise, klinieke en kafees swig voor die *bulldozers*. Daarmee saam is 'n leeftyd se geskiedenis en erfenis uitgewis. Duisende Kapenaars moes Distrik Ses weens die gedwonge verskuiwing verlaat en 'n heenkome op die Kaapse Vlakte gaan soek.

Adam Small het hieroor geskryf in *Krismis van Map Jacobs*. Dié werk word tans vir matrieks voorgeskryf en my studente moet hierop voorbereid wees.

Ons volgende stop is dus die Kunstekaap om na die opvoering van dié historiese drama te kyk. By monde van die aktivis Willy Laguma verwoord Small die mense van Distrik Ses se pyn en hartseer:

"Maar wat gebeur? Group areas! The District Sixes, the Claremonts, the Simonstowns! You name it… Hulle bull-doze vir jou simply ŷt, ŷt, yt jou eie bietjie history ŷt, en dan… bou hulle vir jou hierdie council-flats, hierdie match-box op match-box, hierso op die kaal Cape Flats sand, hier waar die South Easter op sy worst waai (p. 51). "En dan, wanneer 'n man se history ge-destroy is, wanneer hulle die original hys van jou family ge-destroy het, en oek al jou connections, die mense wat jy geken het, en al daai resentment in jou opgestook het… Well, you've got to start again, somehow, right?… All over again… in this… wasteland… Hierso waar hulle vir jou, en vir my, en vir al onse families, in-geforce het." (p. 52.)

### Bo-Kaap se Moslemgemeenskap

Ná die opvoering vertrek ons na die Bo-Kaap, geleë aan die hange van Vlaeberg bo die Kaapse middestad – die historiese sentrum van die Maleierkultuur.

Die term Maleier is misleidend omdat slegs 'n klein persentasie van Maleisië kom.

Ons besoek eerste die Bo-Kaap-museum by Waalstraat 71.

Fatima Allie, ons toergids, vertel ons meer. Die gebou is in 1763 deur Jan de Waal gebou. Die huis is gerestoureer om 'n "Maleierhuis" uit die 19de eeu voor te stel.

In 1658 het die VOC slawe na die Kaap gebring. Die werk was baie en die hande min. Nog slawe is in die 16de en 17de eeue deur die Nederlanders en Britte ingevoer uit dele van Afrika en Oos-Asië.

Die sowat 6 000 hoofsaaklik Moslem-inwoners is meestal afstammelinge van die slawe wat hulle ná die afskaffing van slawerny hier gevestig het.

Die gebied het ontstaan omdat die setlaars nie wou bergklim na hul huise nie, dus het die slawe daar 'n tuiste gevind. Vandag is dit gesogte eiendomme oor die pragtige uitsig oor die see. Volgens oorlewering is dit ook waar die liedjie "Daar kom die Alibama" sy oorsprong gehad het omdat die inwoners van Vlaeberg af kon sien as die slaweskepe die hawe binnegekom het.

In sy laaste boek, *Philida*, vertel André P. Brink waarom slawe ná slawerny nié die Christengeloof van hul base gevolg het nie (p. 249). By meer as een geleentheid laat blyk Philida dat haar slawebaas se dwepery met Christenskap en die Bybel hulle eintlik walg (p. 53).

Só sou hy die aand nadat hy Philida in die openbaar laat verkrag het, sy optrede probeer regverdig deur geselekteerde gedeeltes uit die Bybel voor te lees (p. 241). Daarom dat die meeste slawe hulle tot Islam gewend het. Vandag het die Bo-Kaap tien moskees.



'n Tipiese straat in die Bo-Kaap. Foto: MICHAEL LE CORDEUR



Die toergids Fatima Allie vertel studente meer van die Bo-Kaap se geskiedenis. Foto: MICHAEL LE CORDEUR

### Die Auwal Masjid

Dit is vanselfsprekend dat ons vervolgens sal stilhou by die Auwal Masjid (masjid word as masiet uitgespreek en beteken moskee). Dit is die eerste en ook die oudste moskee in Suid-Afrika en is in 1794 tydens die eerste Britse besetting van die Kaap aan die onderpunt van Dorpstraat gevestig. Die moskee is simbool van die Kaapse Moslems se stryd om vryheid vir aanbidding. Die vriendelike imam nooi ons in en vra ons beleefd om ons skoene uit te trek: Ons betree heilige grond.

Ek vra toestemming om 'n foto te neem van die *Bayān al-Din* wat agter glas bewaar word. Imam Abdullah Kadi Abdus Salaam, ook bekend as Tuan Guru, was die eerste imam by die moskee (imam sou in ander godsdienstige tradisies as 'n predikant of priester bekend staan).

Dit maak net sin dat ons hierna by die Tana Baru-begraafplaas stilhou. Dié historiese begraafplaas is in 1840 deur die Kaapse imams aangekoop en is die laaste rusplek van verskeie Moslem-heiliges, waaronder imam Tuan Guru. Daar is ook drie kramatte (Moslem-graftombes) in die Tana Baru-begraafplaas en nog twee agter die Bo-Kaap op Vlaeberg.

### Bo-Kaap en Afrikaans

Van die Auwal Masjid af stap ons na die eerste Madrassa (Moslemskool) in Suid-Afrika op die hoek van Breë- en Waalstraat wat in 1862 deur Imam Tuan Guru gestig is. Dis hier waar Afrikaans die eerste keer in Arabiese skrif onderrig is.

Abu Bakr Effendi, 'n teoloog van Turkye, is in 1862 deur die Kaapse regering na die Kaap gebring as 'n godsdienstige raadgewer. Sy vrou, Tahora, word die eerste hoof van die skool. Effendi skryf in 1869 die *Bayān al-Din*; 'n Kaaps-Hollandse vertaling van die *Uiteensetting van die godsdiens* wat in 1877 in Turkye gedruk is. Dié koplesboek was 'n oefenboek waarin kinders tekste uit die Koran oorgeskryf het. Dit is in Kaapse Afrikaans gedoen, maar met die Arabiese alfabet.

Effendi se boek was die eerste gepubliseerde Arabiese Afrikaanse boek. Dit herinner my aan die bekendstelling van *Die Afrikaans van die Kaapse Moslems* wat op 15 Desember as deel van die SBA se Versoeningsdagvieringe by die Afrikaanse Taalmuseum gehou is. Die boek is 'n vertaling van *The Afrikaans of the Cape Muslims: Afrikaans at the Cape from 1815 to 1915 – A Sociolinguistic Study* deur Achmat Davids (1939-1998) en 'n verwerking deur prof. Hein Willemse van Davids se MA-verhandeling (Universiteit van Natal, 1991).

In sy bekendstellingstoespraak verwys Willemse na Effendi: "Davids het die omvang van [Kaaps] – die oudste [Afrikaanse] variëteit – aangedui, maar veral aangetoon hoe die Turkse geleerde Effendi en ander imams op vindingryke wyse die Arabiese skrif aangepas het om die gesproke Kaaps-Hollands of vroeë Afrikaans weer te gee.

"Dit is die eerste keer dat skrywers op 'n deurlopende wyse probeer het om Afrikaans te skryf. Volgens Davids is Arabiese Afrikaans die Kaapse Moslemvariëteit van Kaapse Afrikaans wat geskryf is in Arabiese skrif. Teen 1815 het Afrikaans Maleis as die onderrigtaal in die madrassas vervang, en teen die 1840's was Arabiese Afrikaans goed gevestig as onderrigmedium."

Achmat het dikwels die volgende storie vertel: "Die imam het in 1985 'n preek in Engels gelewer wat onmiddellik tot groot onenigheid gelei het. Die ouer gemeentelede was taamlik ontstoke. Hulle was gewoond daaraan dat die tale van hul moskee Arabies en Afrikaans was. Die Koran is ge-batja (voorgelees); doa's (gebede) is gemaak in Arabies, en die preke is in Afrikaans gelewer. Met sy Engelse preek het die imam 'n tradisie van meer as 150 jaar verbreek. Hy is gedwing om terug te gaan op die ou weë."

Davids, die geskiedskrywer, is gevra om vas te stel wat die verhouding tussen die moskee, Bo-Kaap en Afrikaans was. Vir my is hierdie verhouding ooglopend: Die Bo-Kaap en sy moskees se geskiedenis loop hand aan hand met dié van Afrikaans, veral die Afrikaans van die Kaapse Moslems. Die bewaring van (Kaapse) Afrikaans impliseer dus ook die bewaring van die omgewing waar die taal ontstaan het. Die Bo-Kaap en Afrikaans is een. Ons erfenis.

### Wat gaan aan in die Bo-Kaap?

Ons laaste stop is by die Biesmiellah (God seën die voedsel). Die stappery maak ons honger en dié restaurant se eg Maleise geregte laat my mond water. Ons kan kies en keur uit samoesas, daltjies, roti-en-kerrie en my gunsteling: koesisters. Nie koeksisters nie, maar die eg Maleise lekkerny gegeur met speserye, nartjieskil en anyssaad. Maar eers wou die studente weet waaroor die polemiek in die Bo-Kaap gaan.

Fatima verduidelik: Bo-Kaapse inwoners is hewig ontsteld en van mening dat die ontwikkeling in die Bo-Kaap die erfenisgebied sal skend.

Die Bo-Kaapse gemeenskaps- en belastingbetalersvereniging betoog al heel jaar teen die oprigting van wolkekrabbers en luukse woonstelle in die Bo-Kaap en het onder meer gekeer dat 'n hyskraan by die gebied inkom.

Die vereniging betwis ook die wyse waarop die grond – waar die gemeenskap eens 'n ouetehuis bedryf het – aan die ontwikkelaar verkoop is. Volgens die inwoners moes die stadsraad die gemeenskap in die saak geken het omdat die gemeenskap jare gelede die tehuis opgerig het met geldinsameling en skenkings.

Die inwoners het onlangs goeie nuus gekry toe die hooggeregshof in Kaapstad die interdikaansoek wat die private ontwikkelaar teen die vereniging wou bring, uitgestel het. Die saak sluit sedertdien ook 'n hersieningsaansoek in en sal nou eers op 25 Februarie voor die hof gebring word wanneer die ontwikkelaar redes moet verskaf waarom met die bouwerk voortgegaan moet word.

Die regering het intussen ingegryp toe Nathi Mthethwa, minister van kuns en kultuur, aangekondig het dat die Bo-Kaap as 'n nasionale erfenisgebied verklaar gaan word. Die minister wil selfs 'n stap verder gaan en by Unesco aansoek doen om internasionale erkenning aan die Bo-Kaap te verleen.

Vir die 93-jarige Abdeya da Costa, 'n afstammeling van Tuan Guru, is dit goeie nuus. Soos baie ander is sy bekommerd oor die toekoms van die Bo-Kaap. Baie buitelanders wat hier wil eiendom koop, neem nie noodwendig die kultuur en die godsdiens van die meeste Bo-Kapenaars in ag nie. Daar was reeds klagtes oor die Imam se adhan (oproep tot gebede) wat uit die moskees weerklink.

Hierdie kommer word gedemonstreer deur Sulfa Otto-Allie, se gedig:

*Wat gat nou an, Bo-Kaap?*
*Groot geboue, fancy hotelle choke jou rus, rus*
*Oemie en Boeja moet nou-nou trek, want die rent is in sy moer*
*Hoeg en net vir die geldgatte*
*Wat is jou storie?*
*Djy met jou colouring huise en tourists galore*
*Selfies en alle tipe foto's, sit 'it op Facebook*
*orals is ons die magazine cover*
*"Gentrification!" skree die anties*
*Hulle wil ons yt hê, sê die boetas*
*Ôse laaities kannie hie koepie*
*Die rykgatte vat oor… soe praat die mense*

"Dit is waarvoor alles gaan." Die drif in Fatima se stem is merkbaar: "My wortels is in die Bo-Kaap! My eerste herinneringe, my geskiedenis, my kultuur en tradisies is in hierdie pragtige woonbuurt aan die hange van Seinheuwel.

"Gentrifikasie het die gemoedsrus van die inwoners tot in sy kern geskud. Distrik Ses is uitgewis. Maar ons neem nou standpunt in dat dieselfde nie met die Bo-Kaap sal gebeur nie," skryf sy in 'n artikel op LitNet.

Slawerny is in Desember 1834 van die wetboeke geskrap, maar in 180 jaar daarna sou mense leer dat ware vryheid nie vanselfsprekend gebeur net omdat wette geskrap word nie.

Ware vryheid, sê André P. Brink, kom van binne. Wanneer jy beheer het oor die belangrikste besluite wat jou lewe raak.

Dit is teen dié agtergrond dat ons die ontwikkeling van die Bo-Kaap moet beoordeel. Hoeveel sê het die inwoners van Distrik Ses gehad toe die *bulldozers* hul huise gesloop het? Hoeveel sê het inwoners van die Bo-Kaap as reuse-geboue die belasting so opjaag dat hulle dit nie meer kan bekostig om in hul huise te bly nie, en dus gedwing word om te trek?

Dis waarteen Moslemleiers soos Noor Osman in opstand kom: "Hulle kom hiernatoe en dan kla hulle oor die gebede. Dit bewys dat hulle nie ons godsdiens en kultuur respekteer nie.

"As hulle daaroor kla, is hulle *obviously* nie welkom hier nie. Ons was bereid dat die hyskrane oor ons ry, want ons is gatvol vir mense wat net bo-oor ons loop…" beken hy.

Dit is duidelik dat die inwoners van die Bo-Kaap bereid is om hul lewe op te offer om hul erfenis te bewaar. Die Kaapse stadsraad moes beter gekonsulteer het, meer respek getoon het vir mense se geskiedenis, hul kultuur en godsdiens.

### Wanneer gaan die owerhede leer?

Met die voordeel van die lesse wat geleer is uit Distrik Ses, is dit byna ondenkbaar dat die foute van die verlede herhaal kon word met die Bo-Kaap. Dieselfde selfsugtige redes van die verlede geld steeds. Die gesegde dat die geskiedenis homself herhaal, blyk tog waar te wees.

In die 1960's was die politieke situasie in ons land van so 'n aard dat die regering met wanpraktyke soos Distrik Ses kon wegkom.

Maar tye het verander.

Die mense van die Bo-Kaap kan vandag keer dat dieselfde lot as dié van Distrik Ses hulle ook tref deur te veg vir die behoud van hul woonbuurt, hul taal, kultuur en godsdiens.

Ná 1838 kon slawe vir een dag in Desember feesvier. Dit is later geskuif na Tweede Nuwejaar. Wanneer die klopse dus op 2 Januarie deur die strate van die Bo-Kaap marsjeer, laat ons opnuut besef waaroor dit gaan: Die viering van mense se vryheid.

Terselfdertyd is dit 'n waarskuwing aan die owerhede: Hierdie vryheid is duur gekoop. Inwoners van die Bo-Kaap sal nie toelaat dat daarmee gesmous word om ander te verryk nie.

**■ Prof. Le Cordeur doseer Afrikaansonderwys in die fakulteit opvoedkunde aan die Universiteit Stellenbosch. Hy is ook 'n direksielid van die Stigting vir die Bemagtiging deur Afrikaans.**




This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.